# Dansmusieke

ZANDRA BEZUIDENHOUT

**Bloubergstrand Leeskring**




***Dansmusieke*** *(Suider Kollege Uitgewers, Stellenbosch, 2000), 'n digbundel deur Zandra Bezuidenhout, is in 2001 met die Ingrid Jonker Prys vir 'n debuutbundel bekroon. Personeel van Bloubergstrand Biblioteek het haar uitgenooi om met die plaaslike leeskring te kom gesels.*

As geheel wil die bundel 'n viering van die dans van die lewe wees. Dit bevat vier afdelings, naamlik, *Paringsdans* (oor liefde en erotiek), *Tongdans* (oor taal en poësie), *Bloeddans* (oor verhoudings en familiebande) en *Ringdans* (religieuse en ander verse). Elke afdeling verteenwoordig 'n sekere oerbeweging van die lewe en 'n meedoen of saamdans met bepaalde musieke op die lewenspad - soms met passie en vreugde, ander kere met pyn en rou. Die onderliggende boodskap is dat al hierdie ervaringe met oorgawe beleef kan word, en selfs 'n sekere skoonheid verwerf soos wat elkeen sy eie 'dans', 'musieke' of 'dansmusieke' vind om self betekenis

daaraan te gee. Dit suggereer ook dat die mens se oor en hart ingestel moet wees op die ritme, polsing en melodieë van lewe; en skeppend daarmee moet omgaan. Jy moet die dansmusieke kan hoor en aanvoel, maar jy moet dit ook kan 'maak' uit die elemente en talente tot jou beskikking.

*Die middag van die ooms*, wat ook in die nuwe **Groot Verseboek 2000** opgeneem is, het leeskringlede aangespreek omdat baie van hulle daardie geslag 'ooms' en die situasie van die jongmeisie in haar rypwording so goed ken, en die krag van die poëtiese omwerking daarvan kon aanvoel. Ook in die gedig oor 'n seun se dertigste verjaarsdag met die uitbeelding van sy viriliteit en liggaamlikheid het leeskringlede hulle eie gevoelsbelewenis herken. Die gedig, *Dogter*, bevat eweneens 'n universele gegewe oor die aanloop tot die dag waarop die dogter in die huwelik tree; iets wat moeilik in woorde gestel, maar deur vele beleef word.

Die gedigte oor die verhouding met en verlies van 'n moeder en die religieuse verse is van 'n meer ernstige aard, maar behou die nodige afstand om dit van sentimentaliteit te vrywaar. As teenstelling is ook meer humoristiese verse soos dié oor die naspeur van familiebande, die lewe as spel of as noodhulp, en reis- en ander ervaringe voorgelees, met enkele opmerkings om die konteks te verhelder. Waar natuurverse voorkom, word dit metafories aangewend en met ander lewensaspekte verbind. Al die gedigte in die bundel het trouens meer dimensies, die woorde beeld nie slegs dinge op 'n realistiese vlak uit nie, maar word terselfdertyd die draer van gedagtes wat elke leser in ooreenstemming met sy/haar eie verwysingsraamwerk en verbeeldingswêreld kan invul.

Die danstema is in die meeste gevalle simbolies, maar daar is ook gedigte voorgelees wat die dans- of musiektema op 'n meer direkte en herkenbare wyse uitbeeld. Een daarvan is *Tango* wat by leeskringe en poësiegeleenthede 'n gunsteling is. Die gedig het ontstaan na aanleiding van 'n tango-uitvoering deur 'n Argentynse groep - vyf danspare en 'n volle orkes uit Buenos Aires - wat in Amsterdam opgetree het. Volgens Bezuidenhout was dit vir haar 'n uitdaging om in digvorm aan die sensualiteit, kleurvolheid en ritmiek van die dans en die geleentheid te laat reg geskied. Dit is ook belangrik dat hierdie (en ander) poësietekste tydens 'n voorlesing nie oor- of onderbeklemtoon moet word nie, omdat die woorde en beweging van die vers so beplan is dat dit self tot die oor en gemoed van die luisteraar moet spreek.

*Dit is duidelik dat leeskringlede besonder ontvanklik is vir eietydse Afrikaanse poësietekste en graag self tuis poësie lees. Daar is ook belangstelling in geleenthede vir bespreking en voorlesing, omdat dit vir die publiek die verse interaktief ontsluit en hulle waardering vir dié kunsvorm verdiep.*